

Selfone kry ekstra platform

Vernuftige SA broers bied oplossing vir selgroepe

Edward-John Bottomley, Kaapstad

Twee Suid-Afrikaanse broers het dalk die oplossing vir dié maatskappye wat selfoondienste op verskillende bedryfsplatforms wil verskaf.

Maatskappye moet tans 'n spesifieke platform kies vir die selfoondienste wat hulle wil verskaf. Weens geldbeperkinge skep maatskappye gewoonlik dienste vir byvoorbeeld net Apple se iPhone-reeks of selfone wat met Google se Android-bedryfstelsel werk.

Mnre. Arno en Wilter du Toit van die Kaapse maatskappy Virtual Mobile Technologies (VMT) het 'n platform, die Ramp, ontwikkel wat vir die meeste selfone gebruik kan word, onafhanklik van die bedryfstelsel. Dieselfde toepassing kan dus geskep word vir Apple se produkte, RIM se BlackBerry-reeks en Android-slimfone. VMT pas nou die stelsel aan vir die Windows Phone 7-bedryfstelsel.

“Waar ander maatskappye nou eers sulke tegnologie begin bekijk, het ons reeds ses jaar se navorsing agter die rug,” sê Wilter du Toit, uitvoerende hoof van VMT.

Die maatskappy is in 2005 gestig en het twee jaar later die Mvelaphanda-groep as vennoot gekry. Dit het die nodige kapitaal verseker om die maatskappy te laat groei.

VMT het reeds uitgebrei na onder meer Indonesië en Zambië.

As jou selfoon ná 2003 gemaak is, sal dit heel moontlik op ons stelsel werk.

Die ander groot voordeel van die Ramp-platform is dat dit nie net op slimfone gemik is nie. 'n Maatskappy kan dienste lewer aan werknemers en kliënte deur toepassings (vir kragtige selfone), internet-toegang of SMS-dienste.

Maatskappye wat dienste vir slimfone lewer, sluit 'n groot deel van hul potensiële mark uit omdat nie almal toegang het tot duur slimfone nie. In die ontwikkelende wêreld word goedkoper selfone, veral van Nokia, wyd gebruik.

Dit is egter nie vir VMT 'n probleem nie.

“As jou selfoon ná 2003 gemaak is, sal dit heel moontlik op ons stelsel werk. Dit het net data-toegang nodig,” sê Arno du Toit, direkteur van VMT.